# MONNIE GONS

Uitgawe 5 van 2024 | Tydperk: 15 - 21 Febraurie

Uit die Kultuur kantoor

# INLIGTING

## KULTUURERKENNING

Ons wil graag aan al ons leerders wat aan kultuur deelneem erkenning gee in die Monnie Gons en ook in die saal. Indien u kind aan enige kultuuraktiwiteite deelgeneem het, stuur asseblief die uitslae, met 'n foto aangeheg, na bemarker@monnies.co.za

Sertifikate, medaljes en trofees wat in die saal uitgedeel kan word, kan geneem word na:
Juniors - Juf Adri van Niekerk (B6)
Seniors - Juf Lize in (D9 - rekenaarsentrum)

Alle sertifikate en medaljes moet asseblief in 'n plastiek lêersakkie geplaas word met die kind se naam, van, graad en duidelike uiteensetting van die prestasie.

## REDENAARS

**Toesprake**
Indien u nog 'n redenaarstoespraak benodig kontak gerus die volgende oud Monnies:
Nika Meiring - 071 105 9481
Wilmari Nolte - 063 873 1594

## SENIORKOOR

Ons deel net weer die skakel na die Seniorkoor WhatsApp groep vir 2024:
https://chat.whatsapp.com/GkOBidqoXqJAz5XlwWBK9F

## JUNIORKOOR

Ons is baie opgewonde oor ons Juniorkoor kamp wat 16 en 17 Februarie op die skoolterrein plaasvind.
Hier volg die program:

**Vrydag, 16 Februarie: 12:45 – 15:00**

- Leerders gaan 12:45 na die skoolsaal.
- Leerders kan met hulle  koorhempie en KDA broek skool toe kom.
- Leerders kan om 15:00 by die saalhek afgehaal word.
- Bring asseblief die volgende Vrydag saam:
  - ‘n Kospakkie
  - Waterbottel

**Saterdag, 17 Februarie: 09:00 – 15:00**

- Leerders meld aan by die hek in Lionstraat om 08:45.
- Leerders kan om 15:00 by die saalhek afgehaal word.
- Bring asseblief die volgende Saterdag saam:
  - Swemklere
  - Handdoek
  - Sonblok
  - Hoed
  - Waterbottel

Kostes beloop R250 per kind (wat ‘n T-hemp insluit) en moet asseblief teen Maandag, 12 Februarie 2024 betaal word. Dit kan direk in die skool se rekening betaal word. Gebruik asseblief die volgende verwysing: JK en u kind se naam en van.

# BELANGRIKE DATUMS EN OEFENTYE

## BELANGRIKE DATUMS VIR KWARTAAL 1

| Juniorkoor Oefentye | |
|---|---|
| Maandae (begin 22 Januarie) | 12:45 - 13:30 |
| Vrydae | 12:45 - 13:45 |

| Juniorkoor Optredes | | |
|---|---|---|
| 16 en 17 Februarie | Koorkamp | Skoolsaal |
| 1 Maart | Pik en proe aand | Skoolsaal |

| Seniorkoor Oefentye | |
|---|---|
| Maandae (begin 22 Januarie) | 14:30 - 16:30 |

| Seniorkoor Optredes | | |
|---|---|---|
| 1 Maart | Pik en proe aand | Skoolsaal |

Musieksentrum
MONUMENTPARK

## Belangrike datums

**Trinity Praktiese Eksamens (Junie)**

Inskrywings sluit 6 Maart

**Unisa sessie 1 (Mei/Junie)**

Inskrywings sluit 8 Maart

**Voorspeelkonsert #1**

Donderdag 14 Maart om 18:00 (skoolsaal)

**Pretoria Eisteddfod sessie 1 (Mei/Junie)**

Inskrywings sluit 12 April

## Voorspeelkonserte: wat om te verwag

Ons eerste Voorspeelkonsert is om die draai. Met ons Voorspeelkonserte poog ons om vir ons leerders geleentheid te gee om gewoond te raak aan die verhoog en om voor ‘n gehoor te speel. Die items word beperk tot +- 20 items per konsert. Die konserte is informeel, sodat leerders so gemaklik as moontlik kan voel.

Kleredrag: leerders dra hul musieksentrumdrag (denim langbroek, musieksentrum t-hemp en tekkies).

Goeie voorbereiding is BAIE belangrik.






Algemene Navrae : Alrika Klopper • 083 454 9970

Rekening Navrae : Alrika Klopper • 083 454 9970